



ST. ALFONSUS LIGUORI

1 AUGUSTUS

(1696-1787)

In 'n tyd toe Kerklike wette en voorskrifte dikwels op 'n onbarmhartige en wêreldse manier op gelowiges afgedwing is, het hier-die geleerde priester, moraalteoloog en groot wetskenner die dinamiek van die Evangeliese liefde, wat agter alle gods-dienstige wette en voorskrifte skuil, na vore gebring. Hy was die stigter van die Redemptoriste en word later biskop van Santa Agata naby Napels.